

BOEKBESPREKINGS

Jelusich, Mirko: Die Leeu en die Wolwe. Die verhaal van Hannibal. Uit die oorspronklike Duits vertaal deur O. Rode, pp. 145. Afrikaanse Pers-Boekhandel. Prys: R1-30.

Hierdie is nie 'n biografie van die groot Karthaagse veldheer nie, maar 'n roman waarin die roemryke lewe van die groot figuur, Hannibal, vanaf sy kinderjare dwarsdeur sy militêre loopbaan uitgebeeld word. In die kort bestek van hierdie boek sou dit onmoontlik gewees het om die awontuurryke lewe van hierdie veldheer in detail te skilder. Dit was dan ook nie die doel om 'n indringende byna fel analitiese beskrywing te gee van die hoofkarakters soos Tolstoy in sy magtige roman *Oorlog en Vrede* aangedurf het nie. Die skrywer het eintlik die hoofmomente van Hannibal se kleurrike lewe weergegee. En tog, deur sy gespanne verteltrant, word die leser meegesleur, herleef hy Hannibal se gevaarvolle tog oor die Alpe en die veldslae in Italië waarin twee stede om die opperheerskappy in die toe bekende beskaafde wêreld die stryd gevoer het. Rome se oorwinning het die verloop van die wêreldgeskiedenis in ander bane gestuur. Dit is dan ook een van die voortrefflike eienskappe van hierdie roman, naamlik dat die leser voortdurend bewus bly van die byna onafwendbare onvermydelike noodlotsbeslissing wat Hannibal en die Karthagers van Noord-Afrika tegemoet moes gaan.

Omdat die werk vol awontuur en spanning is, sal dit hoërskoolleerlinge boei, maar terselfdertyd sal dit ook volwassenes aangryp, veral weens die byna digterlike aanvoeling en insig wat die skrywer toon vir die historiese magte wat gestalte gegee het aan die destydse beskaafde Westerse wêreld by die uitbreek van die Tweede Puniese Oorlog in 219 v.C.

In die oorspronklike Duitse teks is die titel van Jelusich se roman slegs *Hannibal*. Die vertaler, mnr. O. Rode, het dit goedgevind om die titel te verander na *Die Leeu en die Wolwe — Die verhaal van Hannibal*. 'n Vergelyking tussen die Duitse teks en die Afrikaanse weergawe daarvan toon dat dit 'n byna letterlike vertaling van die Duitse is, en tog het die vertaler, deur sy fyn aanvoeling van elke woord se betekenis daarin geslaag om die atmosfeer en gespanne geladenheid van die oorspronklike te behou. Hierdie werk behoort op die boekrak van elke klaskamer en huis waar daar Afrikaans gepraat en gedink word, te staan.

Jelusich is ook die skrywer van historiese romans soos *Die Wahrheit und das Leben*, 'n verhaal wat om Pontius Pilatus afspeel, *Caesar*, 'n roman wat reeds in meer as twaalf ta'e vertaal is, asook *Cromwell* en andere. 'n Mens wil dan ook die hoop uitspreek dat ook hierdie romans in Afrikaans vertaal sal word.

T. S. van Rooyen,

De Graaf, H. J.: De regering van Sunan Mangku-Rat I Tegal-Wangi, vorst van Mataram (1646-1677), pp. 212, deel 33 van die reeks Verhandelingen van het Koninklijk Instituut voor Taal-, Land- en Volkenkunde. 's Gravenhage, 1961.

In hierdie studie behandel die skrywer die regeringstydperk van een van die bekendste vorste van Mataram, die magtigste inheemse ryk op die eiland Java. In verband met die tydperk wat die troonsbestyging van Soesoehoenan Mangku-Rat voorafgaan, kan gewys word op die groot moeilikhede waarmee die stigter van die handelsryk van die V.O.C. in Oos-Indië, Jan P. Coen, te kampe gehad het om te midde van vyande sy sentrum Batavia staande te hou. Mataram kon van 'n sterk Batavia niks goeds verwag nie en reeds tydens Coen se tweede ampstydperk as Goewerneur-generaal het die vors probeer om die vesting te verower (1628) nadat Coen geweier het om die Soesoehoenan hulde te betuig. 'n Tweede beleg het in 1629 gevolg. Ook het die vors van Mataram hulp van die vyande van die Nederlanders, die Portugese, probeer verkry

en na die verowering van Malakka deur die V.O.C. (1641) is met ander blanke mededingers, die Engelse, onderhandel. Daar moet onthou word dat Mataram o.m. ook oor invloed op die eiland Sumatra beskik het. En dan was daar die vyandskap tussen die Nederlanders en Bantam. Teenoor die heersers van Bantam het die V.O.C. in 1682 die oorwinning behaal; ten opsigte van Mataram sou stryd gedurende die sewentiende en 'n deel van die agtiende eeu volg.

Die skrywer het met betrekking tot sy onderwerp, sowel inheemse bronne (in handskrif, gedruk) as Europese bronne gebruik (handskrifte, gedruk) waarvan o.m. die beskrywing van die vyf gesantskapsreise wat deur Rijklof van Goens na die hof van Mataram onderneem is tussen 1648 en 1654 'n belangrike plek inneem.

Aan die begin van die bestuurstydperk van Soesoehoenan Mangku-Rat I was die V.O.C. se posisie ten opsigte van Mataram dié van 'n ondergeskikte en is herhaaldelik afgesante van die V.O.C. gestuur om die goeie verstandhouding te bewaar. In die verband kan die sendings van Van Goens genoem word. Ook is die V.O.C. toegelaat om 'n handelskantoor in die hawestad Japara te stig (1651). Hawesluitings en die heropening daarvan, gepaardgaande met verbodmaatreëls ten opsigte van die handel, is deur die Soesoehoenan vergeefs gebruik om die man van die V.O.C. op Java te breek. Gedurende 'n tydperk van twee jaar het die handel van Mataram stilgelê. Ten slotte is die V.O.C. beveel om na Japara terug te keer en is daar herhaaldelik om die oorstuur van gesantskappe van die V.O.C. aangedring.

Verdeeldheid in die heersende kringe aan die hof van die Soesoehoenan, o.m. oor die opvolging, het die posisie van Mangku-Rat ten opsigte van die V.O.C. nog verder verswak. Sy invloedssfeer buite Java het hom ontval, aan die kus kon hy sy gesag nie meer handhaaf nie. Tereg noem die skrywer die eerste deel van sy studie *De ontbinding van het rijk*. Mangku-Rat I het die tydelike met die ewige verwissel en in 1749 het Pakoeboewana II sy ryk, die oorskot van die eertydse magtigste staat op die eiland Java, aan die V.O.C. oorgedra. In die tweede deel wat die skrywer in die vooruitsig stel, sal die binnelandse verwickelinge in die ryk van Mataram beskryf word.

Wat ons o.m. veral in hierdie publikasie getref het, is die groot verskil tussen die geskiedenis van die V.O.C. op Java tydens die tydperk onder beskouing met dié tydens die eerste jare van die Kompanjie se bewind aan die suidpunt van ons land waar magtige inheemse teenstanders wat die gesag van die V.O.C. afsonderlik of deur middel van bondgenootskappe in gevaar kon bring.

J. Ploeger.

Muller, C. F. J.: Die Britse owerheid en die Groot Trek, pp. XIV, 341, R5-00, Simondium-Uitgewers (Edms.) Bpk., Johannesburg, 1963.

Hierdie boek is 'n „tweede, hersiene en geillustreerde uitgawe” van die bekende proefskrif van prof. Muller, hoogleraar in Geskiedenis aan die Universiteit van Suid-Afrika, waarvan die eerste druk in 1949 verskyn het. Oor die jare het die boek sy waarde getoon en 'n blywende plek in ons geskiedenisliteratuur ingeneem. Trouens daar kan met veiligheid beweer word dat geen ernstige student van die Groot Trekperiode die boek buite beskouing kan laat nie. Die feit dat 'n tweede uitgawe nodig was, toon dat daar 'n aanvraag daarna is wat beslis oor die jare nie sal afneem nie. Dit getuig ook van die bruikbaarheid daarvan, veral onder universiteitstudente.

Wat ons in die eerste plek intresseer is in hoeverre die boek „hersien” is, dus in watter opsigte dit verskil van die eerste uitgawe. Hierdie tweede druk is voorsien van 'n *voorwoord* deur prof. H. B. Thom en 'n *voorberig* deur die skrywer self. In laasgenoemde verduidelik die skrywer dat hy sedert die eerste uitgawe verskyn het, in die geleentheid was „om nuwe, belangrike boustowwe sowel in Suid-Afrika as in

Europa en die Verenigde State van Amerika te kon opdiep". Dit het egter geen wesenlike verandering in sy bevindings gebring nie. „Hierdie gegewens het my nie genoop om die basiese struktuur van my werk te wysig nie", aldus die skrywer; wel het dit aanleiding gegee tot „die plasing van my probleme in wyere perspektief". (p. XI).

As mens die twee uitgawes langs mekaar plaas dan blyk dit inderdaad dat die „basiese struktuur" dieselfde gebly het. Daar is dieselfde hoofstukindeling; ook die teks het feitlik onveranderd gebly. Hier en daar is kleiner redaksionele wysigings aangebring en in enkele gevalle is die voetnote uitgebrei waar na meer resente literatuur verwys word.

Van die „nuwe, belangrike houstowwe" wat intussen opgediep is, merk mens nie veel nie en wat die „plasing van . . . probleme in wyer perspektief" betref, dit is hoofsaaklik beperk tot die *Inleiding* wat gedeeltelik herskrywe is. Hierin mis ons egter 'n verduideliking wat die skrywer in die eerste uitgawe gee, nl. dat hy aanvanklik van plan was om „die verhouding tussen die Britse owerheid en die Voortrekker in sy breedste sin" te behandel maar dat die onderwerp te uitgebreid was en hy ten slotte net twee aspekte, soos vervat in die twee dele van die boek, ondersoek het. Hierdie verduideliking lei tot 'n beter begrip van die struktuur wat die boek ten slotte aangeneem het, terwyl 'n leser wat slegs met die tweede druk kennis maak, maklik die vraag kan stel waarom die tema, wat die tweede gedeelte betref, slegs vanuit Britse kant beskou is en die reaksie van die Voortrekkers buite beskouing gelaat word. Die samestelling van die boek is naamlik die volgende: Deel I behandel wat populêrweg die oorsaak van die Groot Trek genoem word, d.w.s. die reaksie van die grensboer teen die Britse bewind; deel II behandel alleen die Britse reaksie teenoor die Groot Trek terwyl die omgekeerde reaksie van die Voortrekkers heeltemal buite beskouing gelaat word.

Bostaande opmerkings doen egter niks af van die intrinsieke waarde van die boek nie. Prof. Muller behandel die Groot Trek as 'n gebeurtenis binne 'n sekere tydperk wat strek vanaf die begin van die laaste kwart van die 18de tot die 19de eeu. Hy plaas dit ook binne die raamwerk van die Britse koloniale ryk en sodoende word na 'n wye perspektief gesoek. Vandaar dat hy tot 'n deeglike ontleding van sekere geestesstrominge kom wat die Britse koloniale beleid beïnvloed het. Eerstens gaan hy na waar die beleid ontstaan, d.w.s. wie die „owerheid" in dié geval is. So word die funksie en invloed van die verskillende amptenare wat met koloniale sake te doen gehad het, ontleed.

Na sorgvuldige ontleding van al die moontlike faktore wat die Groot Trek kon veroorsaak het, kom die skrywer tot die volgende slotsom: „Die Groot Trek het plaasgevind omdat die finansiële en filantropiese faktore in die Britse beleid die Afrikaanse grensboer weerloos gestel het teenoor die inboorling op sowel stoflike as geestelike gebied en hom as pionier van die Europese beskawing tot in sy diepste wese deur die Britse kontrole bedreig laat voel het." (p. 299).

Ongeveer dieselfde faktore wat voor die Groot Trek die Britse owerheid beïnvloed het, vind ons ook ná die Trek 'n aanvang geneem het; alleen kom sommige meer op die voorgrond terwyl ander in belangrikheid inboet. Deurgaans is die finansiële faktor die sterkste. Die snelle uitbreiding van die Britse koloniale ryk, het die finansiële kragte van die moederland enigsins ooreis. Daarom het kolonies wat net uitgawes meebring, soos die Kaap, onpopulêr geword; daarom is geen koste aangegaan om die Trek te verhoed nie of om die land eenvoudig te annekseer sover as die Trekkers getrek het nie. Waar later Natal en die Transoranje wel geannekseer is, het ander oorwegings

die oorhand gekry en is dit ook uitgevoer in die veronderstelling dat daarmee groter uitgawes voorkom sou word.

Ander faktore wat die skrywer een na die ander ontleed, is die van ryksbeveiliging, imperialisme, handel en filantropie. 'n Dergelike „faktore-behandeling”, bring inderdaad groot helderheid, maar daar is net die gevaar dat dit die eenheid wat die geskiedenis ten slotte uitmaak, kan verbrokkel. Gelukkig verloor die skrywer die onderlinge wisselwerking tussen die faktore nooit uit die oog nie en in sy *Besluit* aan die einde gee hy 'n deeglike samevatting.

Die interessante illustrasies — skilderye en tekeninge van die hand van T. Baines, C. Bell, J. A. Harding en andere, sowel as fotostatiese kopieë van dokumente soos die Retief-manifes — verhoog die aantreklikheid van die boek. Origenis is 'n leesgids agterin toegevoeg wat veral waardevol vir studente behoort te wees.

F. J. du T. Spies.

Woodward, L.: The Age of Reform 1815-1870, pp. 681, R4-20, Oxford University Press, 2de uitgawe, 1962.

Die eerste uitgawe van hierdie werk het reeds in 1938 verskyn. Ná bykans 25 jaar word dit weer opnuut aangebied. Die basiese uitgangspunt bly tans ook weer dieselfde as vroeër, maar belangrike, noodsaaklike nuwe feite-inligting is met die nuwe uitgawe bygewerk.

Die betrokke boek is deel dertien van 'n reeks van veertien bande oor die geskiedenis van Engeland, maar elke volume is 'n selfstandige werkstuk wat los van die reeks gebruik kan word.

Die inhoud word baie aangenaam en leesbaar aangebied. Trouens, die outeur skryf met gemak oor die wye reeks temas wat hy in hierdie Britse geskiedenis van 1815-1870 behandel. Veral die inleiding is uiters geslaagd en noodsaaklik. Sodoende word die leser dadelik in die bepaalde milieu geplaas. Maar hy skryf andersins oor politieke partye, individuele regeringsfigure, en die houding van die Britse publiek. Dis jammer dat die outeur nie van pro-Britsheid kon vry bly nie.

Woodward brei volledig uit oor die Britse politiek, konstitusionele veranderings onder verskillende regerings, die strewe van die publiek in hierdie verband. Hy skenk veral ook aandag aan die diplomatieke verhoudings van die tyd, die gewoel en gewerskaf op hierdie terrein juis agter die skerms. Die manier waarop hy geldsake, mynwerkersbelange, fabrieksverhoudings en dergelike sake as deel van die geheel onderskei, is prikkelend.

Ná die kennis sodoende aangaande binnelandse sake in Engeland opgedoen, bespreek die skrywer Brittanje se verhouding teenoor die buiteland — Frankryk, die Krimoorlog, Indië en die Britse koloniale gebiede. Maar dan behandel hy weer veranderinge in Engeland self, skenk hy aandag aan maatskaplike vraagstukke, aan onderwysaangeleenthede, godsdiens, letterkunde, eksakte en sosiale wetenskappe, sport, teater, en keer hy weer terug tot die algemene posisie van die Britse volk as sodanig.

Dit bly 'n vraag of al hierdie inligting behoorlik aangebied kan word, selfs nodig is, in 'n boek wat in die eerste plek blykbaar bedoel is om eintlik die konstitusionele historiese oorsig in Brittanje te behandel. Toegegee dat die hele menslike verhaal in die geskiedenisstudie betrek is, het Woodward hier darem te wyd probeer omarm. So word daar oor die verhouding Engeland/V.S.A. en Engeland/Duitsland na verhouding weinig gesê. Maar andersins is daar 'n element van herhaling deurdat weer op dieselfde temas teruggekrom word.

In ongeveer sewe pp. word die uitspraak oor Suid-Afrika in hierdie jare voltooi. Dit werp hoegenaamd geen lig op die Kaap, die res van ons land of Engeland nie. Met die standpunt op p. 396 aangaande konstitusionele sake, op p. 397 oor slawe-vrystelling en die aanhaling ter illustrasie op p. 398 sal nie almal met die outeur saamstem nie. Op p. 400 verwys hy na die aanvaarding deur *most of the Dutch settlers* van die oplossing van die probleem aangaande die Oranjeriviergebied soos deur sir Harry Smith probeer oorbrug. 'n Graad van belangshêid kenmerk ook ander gedeeltes van die boek, wat egter die indruk van hoogstaande volledigheid wil wek.

Van besondere waarde in die boek is die baie volledige bibliografie, ook die lys van verskillende kabinetslede, 'n volledige register, en ses baie handige kaarte.

Die boek kan sterk aanbeveel word vir diegene wat iets meer van die binnelandse Britse geskiedenis, veral politieke-konstitusioneel, wil weet.

M. J. Swart.

Van der Merwe, H. J. J. M.: Swart Afrika — Waarheen? pp. 254. Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1963.

Hierdie werk van prof. Van der Merwe wat op die stofomslag beskryf word as die persoon wat allerweë in Suid-Afrika gehuldig word as een van die beste kenners van Afrika, is nie 'n werk oor die geskiedenis van Afrika nie maar 'n ondersoek, hoe vlugtig ookal, na politieke e.a. strominge wat in die Afrikalande na verkryging van *Uhuru* aanwesig is en wat die onmiddellike toekoms van hierdie lande gaan bepaal. Al die lande van Afrika word nie behandel nie maar alleenlik 'n paar wat prof. Van der Merwe op 'n vlugtige driemaande reis besoek het. Hierdie lande is Mosambiek, Angola, Tanganjika, Kenia, Ethiopië, die Soedan, Nigerië, Gaboen, Kongo (Brazzaville), Kongo-Leo, Zanzibar, Uganda en die voormalige Ruanda-Urundi, nl. Rwanda en Burundi. Die Arabiese wêreld van Noord-Afrika word nie behandel nie.

Daar moet meteens gewaarsku word teen die indruk wat miskien kan bestaan nl. dat die skrywer sy bevindings grond op wat hy waargeneem het gedurende sy kort besoek aan die betrokke lande. In der waarheid word sy reisindrukke alleen as bykomend behandel, terwyl hy sy werklike bevindings grond op 'n uitgebreide studie van die beskikbare feitemateriaal oor elke gebied. Die gevolg is dat die werk, ten spyte van 'n byna oorweldigende hoeveelheid feite, nie 'n droë studeerkameragtige inhoud verraai soos sommige werke wel doen nie. Dit was terselfdertyd nie die doel van die skrywer om 'n detail-studie te maak van die politieke en sosiaal-ekonomiese toestande van elke gebied nie. Hy het alleenlik probeer om vas te stel waarheen Swart Afrika noudat *Uhuru* oor hierdie uitgestrekte kontinent 'n voldonge feit is, in die naaste toekoms sal beweeg. Soos hy dit stel: „Afrika is aan die beweeg en niemand gaan daardie beweging stopsit nie. Al wat die Weste en/of die Ooste kan doen, is om aan daardie beweging momentum te verleen . . .” Hy het dan ook in elke gebied wat hy besoek het, probeer vasstel na aanleiding van die bevolkingssamestelling sowel as politieke struktuur, watter eenheids- en verdelingsfaktore in elke gebied bestaan wat die staatsstruktuur en -samestelling vir die onmiddellike toekoms kan beïnvloed. Sy bevinding vir byna elke gebied wat hy besoek het is dat weens die heterogeniteit van die bevolking van elke gebied, die eenheid van hierdie state moeilik in die naaste toekoms gehandhaaf kan word veral as daar aangedring word op 'n sterk sentrale bestuursliggaam soos wat in die voormalige Belgiese Kongo gebeur het. Federale regeringsvorms sou volgens die skrywer veel meer op eventuele sukses kon boog. Terselfdertyd is die lande so onderontwikkeld dat met die uitsondering van die Gaboen en Nigerië miskien, die Afrikalande nie in die naaste toekoms tot militêr sterk state kan gedy nie.

Dit is juis hierdie toestande van ekonomiese agterlikheid, ongeletterdheid en stamgehegtheid wat hy orals op sy reis aangetref het, wat hom as nugtere akademikus laat besef dat die eenpartystelsel 'n noodwendige bowegroei moes wees. Prof. Van der Merwe het hier nie dieselfde fout as so baie skrywers oor Afrika gemaak om sy eie ideale beskouing van wat moet wees op Afrika gaan projekteer of inlees nie. Wat hy wel gaan doen het, en hiermee sal sommige lesers nie noodwendig met hom saamstem nie, is om uit sy Suid-Afrikaanse ondervindingslewe, etniese heterogeniteit as uitgangspunt of maatstaf te gebruik. Laasgenoemde word dan ook soms oorbenadruk en word daar weinig of geen aandag geskenk aan die invloed wat daar vanuit die groot stede uitstraal nie. Dit was trouens uit die stede waar die meeste Afrikaleiers tevoorskyn getree het om hul politieke boodskap tot die grotendeels ongeletterde en onontwikkelde plattelandse inboorling uit te dra. Dit is die sogenaamde „ontstamde” inboorling van elke gebied wat die politieke toneel oorheers of probeer oorheers. Terselfdertyd leun hulle, soos die skrywer telkemale aantoon, egter sterk op die verskillende onderskeibare stamme vir hul ondersteuning. Om gevolglik te voorspel dat Kenia 'n tweede Kongo gaan word, klink moontlik dog ook gewaagd. Aan die anderkant moet mens met die skrywer saamstem dat die meeste van hierdie gebiede noodwendig 'n innerlike verdeeldheid moet vertoon omdat die grenslyne wat meestal na 1885 vasgestel is, deur die Europese moondhede op bykans arbitrêre wyse vir sover dit die bevolking van elke gebied betref, aangebring is met die doel om 'n eie invloed sfeer af te baken of om administratiewe eenhede aan te dui. Die verskillende bevolkings- of etniese groepe binne elke, deur die Blanke afgebakende gebied, is nog té resent saamgevoeg om 'n werklike en geldende nasionale eenheidsgevoel daarop na te hou.

Dit is jammer dat die skrywer nie na aanleiding van die verdelingsfaktore wat hy in elke land gevind het, nie ook die voorkoms van die verskillende godsdienste vanaf die Christelike tot die animisme gaan ondersoek het teen die agtergrond van die kaleidoskopiese patroon van die Afrika van vandag nie.

Prof. Van der Merwe is een van die weinige skrywers wat waarsku teen die wanopvatting dat Afrika wawyd oop staan vir die binnekoms van die Kommunisme. Ook Amerika se pogings om Afrika te ver-Afrikanees moet futiel bly, want noudat die Blanke pad gegee het, is die inboorlinge op homself toegewys en is hy besig om na die toekoms te kyk deur die bril van 'n eie lewensopvatting wat nog nie behoorlik omlyn is nie, maar wat spruit uit 'n eie kultuur en waarde-opvatting wat heeltemal vreemd is ten opsigte van die ander bestaande beskawingsvorme. Sy ander waarskuwing nl. dat ons nie sondermeer Amerika se optrede op die terrein van die internasionale politiek moet gaan beskou as Amerika se bekommerdheid oor die voortbestaan van die Westerse beskawing nie, is veral vir ons in die Republiek van Suid-Afrika tydige. Ons word té maklik deur die V.S.A. op sleeptou geneem deurdat ons van die verkeerde veronderstelling uitgaan dat die Amerikaanse optrede nie noodwendig op eie nasionale voordeel berus nie. Daardeer word ons in ons eie optrede té maklik verblind. Terselfdertyd doen prof. Van der Merwe weg met die té maklike aanvaarbare mite dat die woelinge in Afrika 'n vrugbare veld is vir Nehru se moontlike imperialisme. Vir die inboorlinge van Afrika is dit ondenkbaar dat Afrika die aflaaiplek van Indië se miljoene kan wees.

Wat in hierdie werk opval is die feit dat ofskoon die leser voortdurend bewus is van prof. Van der Merwe se persoonlike standpunt, hy deurgaans die beweginge en roeringe in Afrika so nugter moontlik beoordeel. Wat veral beïndruk, is sy vermoë om droë statistiese materiaal tog interessant weer te gee. Hy besit die uitsonderlike vermoë om 'n byna oorweldigende hoeveelheid detail-gegevens in sy werk in te vleg, sonder dat dit na droë statistiese tabelle lyk.

Wat veral opvallend is, is die feit dat prof. Van der Merwe nie hierdie werk van hom gaan beswaar het met lang aanhalings uit die woorde of toesprake van hedendaagse politieke en ander leiers nie. Hy het besef dat uitsprake van sulke persone alleen maar 'n standput weerspieël en dat sulke uitsprake meestal nie op wetenskaplike gronde berus nie. Sulke aanhalings kan wel die indruk van 'n wetenskaplike werkswyse skep, maar dit kan nie die werklikheid van die situasie weergee nie.

Dit is verder verblydend dat prof. Van der Merwe oor dié gebiede gaan skryf het wat deur hom besoek is. Hy het deur eie waarneming sy feite gaan toets. Ek wil dan ook die hoop uitspreek dat dar in die onmiddellike toekoms deur regerings- en ander instansies die nodige fondse beskikbaar gestel word sodat studente Afrikalande kan besoek. Dit is een manier waarop ons werklik kontak met Afrika kan maak en baie beter kan verstaan wat op hierdie groot uitgestrekte kontinent waarop ons aan die suidpunt staan, aangaan. Veral die Afrika-Instituut kan in dié opsig as beherende kanaal dien.

Ten slotte net dit: hierdie is 'n werk wat elke hoërskool onderwyser wat Afrika na 1939 met sy leerlinge moet behandel, met groot vrug kan gebruik. Die skrywer se dikwels droë humorsin, die vloeiende selfs sappige taal wat hy besig, sy skerp waarnemingsvermoë en tog groot menslikheid waarmee hy teenoor die dikwels verarmde en versukkelde inboorling staan, sal elke leser boei.

T. S. van Rooyen.

Scholtz, G. D.: Die Republiek van Suid-Afrika en die Nuwe Wêreld, pp. 218. Vortrekkerpers Beperk, 1962. Prys: R2-25.

Met die verskyning van sy werk *Die Stryd om die Wêreld* in 1961, het dr. Scholtz daarop gewys dat dit sy plan is om hierdie werk op te volg met 'n werk wat as titel sal dra *Die Republiek van Suid-Afrika en die Nuwe Wêreld* en het hy hom ten doel gestel om te bepaal wat die posisie van die vaderland van die Afrikaner is in die wêreld „wat in die afgelope twintig jaar sulke radikale en ingrypende veranderings beleef het.” Met die verskyning van hierdie joernalisties vlot geskrewe werk, het hy aan die belofte wat hy aan homself gemaak het, voldoen.

As gevolg van die byna fantastiese vooruitgang wat die tegniek gedurende die afgelope dekades gemaak het, is daar vandag geen sprake meer van dat 'n land geïsoleerd kan voortbestaan van enige deel van die res van die wêreld nie. Na aanleiding van hierdie feit behandel dr. Scholtz op heel insiggewende wyse die Republiek van Suid-Afrika se posisie ten opsigte van die Weste, die Ooste en dan ten slotte ten opsigte van Afrika en wys hy op die faktore wat in die internasionale politiek na die Tweede Wêreldoorlog bepalend was vir die ontwikkelinge op die kontinent van Afrika en wat daartoe bygedra het dat die Republiek van Suid-Afrika ofskoon hy 'n wetenskaplike bydrae kan lewer op tegniese, ekonomiese en ander gebiede ter bevordering van die mense wat in hierdie onder-ontwikkelde lande van Afrika woon, eintlik heeltemal polities en in die algemeen gesproke, geestelik geïsoleerd staan teenoor Afrika.

Dr. Scholtz wys daarop dat in sy internasionale verhoudinge tot die res van die wêreld die Republiek van Suid-Afrika weens sy geestelike erfenis noodwendig sterk moet aanleun tot die Weste (p. 218). In sy opvatting van wat hy eintlik bedoel met *die Weste* kan daar wesentlik 'n vraagteken oor geskryf word, want dit wil voorkom asof hy die negentiende eeuse opvatting van die Weste as synde die Wes-Europese volke wat hoort tot die vaagomlynde begrip van die blanke christelike lande van Europa en Amerika verwar met, of vereenselwig met die anti-kommunistiese groepe wat hulle ideologies agter Amerika gaan skaar het uit vrees vir kommunistiese oorheersing. Van die 19de eeuse konsep van wat bedoel word met die Weste het daar vandag

weinig oorgebly en is dit alleenlik sekere lande van die ou Weste wat vandag eintlik weens hul aardrykskundige ligging en politieke ideologieë as die Westerse groep lande omskryf kan word. By hulle is daar natuurlik ook lande (blank en nie-blank) betrek wat geensins tot die negentiende eeuse opvatting van die Weste hoort nie. Wanneer ons gevolglik ook van die kommunistiese blok praat, moet ons versigtig wees om nie hierdie groep tot die Ooste te delegeer nie, want hierdie politieke ideologie het volke en kleurgroepe saamgebind wat kultureel heeltemal van mekaar verskil. Die Ooste self kan moeilik etnies en ideologies as 'n eenheid beskou word.

Dit is somtyds, en ek stel dit met voorbehoud, uiters jammer dat waar ons land wat weens ons rassebeleid wat ons noodwendig moet volg deur sowel die anti-kommunistiese blok onder leiding van Amerika, as die kommunistiesgesinde wêreld en die ongebonde groepe van Afrika, Asië, ens. teengegaan word, ons ons so argeloos agter Amerika skaar soos nog onlangs gebeur het met die Kuba-debakel. Die V.S.A. is té verseker van ons land se steun en dit ten spyte van die feit dat die V.S.A. net soos Rusland, 'n beleid volg wat ten doel het die vernietiging van ons land se lewensorde.

Dr. Scholtz se stelling dat Indië se voortdurende kritiek ten opsigte van ons behandelings van die Indiërbevolking in ons land en Nehru se ondersteuning van die gedagte van *Uhuru* dwarsdeur Afrika op 'n soort van Indiese imperialisme ten opsigte van Afrika dui, verontagsaam of berus op 'n verkeerde interpretasie van die inboorling van Afrika se politieke strewes. Verder sal hy vandag, na aanleiding van die hedendaagse Afrika-situasie, weinig steun kry vir sy gedagte soos hy dit op bladsy 113 uitspreek dat indien Portugese gesag sou verdwyn uit Mosambiek „onder die nie-blankes moord en doodslag; skering en inslag sal wees”. *Uhuru* het na Afrika gekom met veel minder doodslag as wat die blankes verwag het. Verder is dit eintlik onrealisties om sondermeer na aanleiding van die uitsprake van leiersfigure wie se uitsprake berus op die feit dat hulle kampvegters is vir die anti-kommunistiese blok onder leiding van die V.S.A., te aanvaar as sou die Kommunisme met rasseskrede in Afrika vordering gemaak het. Russiese hulpverlening aan sekere onderontwikkelde Afrikagebiede en die aanvaarding van die kommunistiese ideologie deur inboorlinge wie se hele tradisionele lewenswyse hul vreemd laat staan teenoor die Marxistiese materialistiese wêreldbeskouing, is eintlik twee aspekte wat geskei behoort te word — soos sommige Russiese leiers ook moes ondervind. Die onlangse openbaring dat ook Wes-Duitsland wapens aan sekere Afrika-state verskaf het en Israel se pogings om Egipte se invloed in sekere lande skaakmat te stel, dui op 'n Afrika wat nie heeltemal is soos dr. Scholtz dit skilder nie. Ten spyte van 'n skynbare eenheidsfront wat die Afrika-lande teenoor sekere vraagstukke openbaar, is daar verdelingsfaktore aan die werk soos Somaliland se geskil met Ethiopië oor sekere grensprovinsies, wat indien ons in die toekoms wys optree, ons eie land se isolasie nie so permanent hoef te maak as wat dit skynbaar voorkom nie. Verder voel 'n mens dat dr. Scholtz ons isolasie oorbeklemtoon. Ten spyte van ons politieke isolasie ten opsigte van Afrika, bestaan daar tog kontakvlakke soos o.a. op interkerklike gebied.

Dr. Scholtz het weer eens in hierdie werk van hom getoon dat hy 'n persoon is wat wyd lees. Die groot aantal aanhalings uit toesprake van leiersfigure elk op hul onderskeie gebied, getuig van uitgebreide kennis. 'n Mens sou wou gehad het dat hy óffens meer krities teenoor sy bronne moes gestaan het. Die gedeeltes van die boek wat gaan oor ons land se verhouding tot die Weste, die Ooste en tot Afrika getuig van sy lewendige belangstelling in internasionale verhoudinge. Ongelukkig lees hoofstuk II, wat gaan oor ons land se bevolkingsterkte asook ons ekonomiese en militêre krag, soos 'n inligtingsbrosjyre van die staatsinligtingskantoor. Dit is dan ook m.i. een van die mins geslaagde van al die hoofstukke. Gereelde lesers van *Die Transvaler* sal by

die deurlees van hierdie boek terselfdertyd aanhoudend herinner word aan die rubriek *Sake van die Dag* in die betrokke koerant wat deur dr. Scholtz behartig word. 'n Mens kry die indruk dat sommige hoofstukke alleenlik 'n verwerking is van die gedagtes wat reeds in die rubriek verskyn het.

Dr. Scholtz het verder gelukkig nie die fout begaan om soos soveel van die joernalistiese geskrifte, die wêreldsituasie suiwer uit die oomblik te gaan beoordeel nie. Telkens neem hy die leser in die verlede terug om aan te dui waarom die situasie geword het soos dit is. Lesers van *Historia* wat hoofsaaklik in die geskiedenis belang stel, sal derhalwe veel uit hierdie werk put wat vir hulle van belang is. Hierdie werk kan dan ook veral by die matriekonderwyser aanbeveel word, want dit bevat interessante bykomende stof tot die handboeke oor Afrika, die Kommunisme, e.a.

Dr. Scholtz skryf 'n vloeiende Afrikaans wat telkemale sy joernalistieke geskooldeheid verraa. Sels die hoërskoolleerling sal hierdie boek nie té moeilik vind om te lees nie. Behalwe vir 'n ernstige drukfout op bladsy 104 waar daar „blankes” moet gelees word i.p.v. „nie-blankes”, is die werk taalkundig asook uit 'n uitgewersoogpunt gesien, goed versorg.

Dr. Scholtz het nie hierdie boek vir die kenner geskryf nie, maar vir die volk wat dikwels onkundig is, soos hy dit stel: „Ek het met die skryf van hierdie boek slegs een ideaal gehad en dit is om elke burger en burgeres van die Republiek onder die indruk te bring van hoe noodsaaklik dit is dat daar groter belangstelling vir en kennis van die internasionale omstandighede sal wees.” Ons wil ten slotte met die gedagte van dr. Scholtz soos hy dit op bladsy 215 gestel het, naamlik dat dit nou die wel aangename tyd is dat ons universiteite en ander inrigtings hul ernstige aandag skenk aan 'n studie van internasionale verhoudinge, heelhartig saamstem. Ons het in dié opsig te min gedoen en dit in 'n tydsgewrig waarin ons nie kan bekostig om onkundig te wees nie.

T. S. van Rooyen.

Ploeger, J.: Over-Vaal. Die Geskiedenis van 'n Ampswoning. Saamgestel, gedruk en uitgegee op las van die Transvaalse Provinsiale Administrasie, 195 pp. Prys: R3-00, Pretoria, 1963.

Hierdie boek is van die hand van die welbekende Pretoriase historikus, dr. Jan Ploeger. Hy is 'n persoon wat hom al vir jare lank aan historiese navorsing wy en wat tot op datum 'n hele aantal geskrifte die lig laat sien het. Die boek is in opdrag van die Transvaalse Provinsiale Administrasie onderneem. Dr. Ploeger is vir 'n tydlank voltyds belas met navorsing daarvoor. Die skrywer gee al jare lank blyk van sy voorliefde vir geskiedenis van kleiner omvang, wat hy deeglik uitpluis en met groot liefde, sorg en toewyding uitvoer. Dit kan ook van hierdie jongste boek gesê word.

Die boek handel oor die geskiedenis van 'n ampswoning — *Over-Vaal*, die woning van die administrateur van die Provinsie Transvaal. Die gebou wat in die voorstad *Bryntirion* geleë is (Kerkstraat 914), is beplan deur die Pretoriase argitek, mnr. V. S. Rees-Poole, met medewerking van ander argitekte. Dit vertoon trekke van die Kaaps-Hollandse boustyl. Dit is in 1937 voltooi en sedertdien bewoon deur agtereenvolgende administrateurs, nl. mnre. S. P. Bekker, J. J. Pienaar, dr. W. Nicol en mnr. F. H. Odendaal.

Dr. Ploeger was nie tevrede om 'n pamflet van 30 of 40 bladsye oor die geskiedenis van die gebou te skrywe nie: hy het 'n ryklik en geïllustreerde boek van 195 bladsye daarvoor gelewer, 'n boek wat op glanspapier gedruk is en wat tipografies uitstekend versorg is. Die talle voetnote onderaan die bladsye gee bewyse van die geweldige hoeveelheid stukke wat die skrywer vir sy doel geraadpleeg het. 'n Bladwyser ver-

hoog die waarde van die werk. Daar is ook opsommings in vier internasionale tale wat die boek vir oorsese besoekers toeganklik maak. Die teks is ook in Engels gedruk.

Dr. Ploeger begin die geskiedenis van *Over-Vaal* met 'n verwysing na die vroegste geskiedenis van Pretoria. Aanleiding daartoe vind hy in die grond waarop die woning geleë is, nl. Bryntirion wat stukke van drie ou plase insluit, nl. Elandspoor, Koedoespoort en Rietfontein, wat oorspronklik aan Voortrekkers behoort het. Ons sien flitse uit die geskiedenis van die Hoofstad en sy oostelike uitbreiding. Die ontstaan van Bryntirion word geskets sowel as die geskiedenis van die beplanning en bou van die huis, die uitleë van sy tuin en die veranderinge wat mettertyd aangebring is. Dit bevat 'n verslag oor die kunsskatte — skilderye en beelde — in die huis asook 'n oorsig oor die sosiale verpligtinge wat aan die amp van administrateur verbonde is. Om dié rede bevat die boek heelwat burgerkunde.

Dr. Ploeger het die werk met entoesiasme geskryf en oral in die teks tref ons patriotiese tone aan. Die talryke fotomateriaal gee 'n helder beeld van die ampswoning, sy omgewing en inhoud. Dis 'n huis wat aan die inwoners van die Provinsie Transvaal behoort. Die boek bring dit binne die bereik van elke burger. 'n Mens waardeer dit dat die Provinsiale Administrasie bereid was om soveel te bestee aan 'n boek vir 'n eenvoudige, maar 'n nie onbelangrike tema nie. Dit is 'n voorbeeld wat navolging behoort te vind. Die skrywer verdien lof vir 'n stuk nougesette navorsing wat as model vir ander soortgelyke ondernemings kan dien.

F. A. van Jaarsveld.

BOEKE ONTVANG VIR BESPREKING

1. *Bax, D. en Koeman, C.*: Argitektoniese skoonheid in Kaapstad se Kompanjies tuin 1777-1805 (with a summary in English), Registeruitgawe nr. 3, pp. 112 met 41 afb.; Tafelberg-uitgewers, Kaapstad, 1963.
2. *Crossby, H. en Groenewald, J. C.*: Guidance for Standard VI, pp. 63, Voortrekkers, Johannesburg, 1963.
3. *Davis, Norman*, Edited with an Introduction: The Paston Letters, pp. 288, 85c, Oxford Press, London, 1963.
4. *Gilmore, M. P.*: The World of Humanism, 1453-1517, pp. 326, Harper & Row, New York, 1962.
5. *Hartung, prof. dr. Fritz*: Deutsche Geschichte im Zeitalter der Reformation, der Gegenreformation und das 30 jähriges Krieges, Sammlung Göschen, Band 1105, pp. 128, DM. 3.60, Walter de Gruyter & Co., Berlin, 1963.
6. *Wessels, F. J.*: Die Republikeinse Grondwet, pp. 231, R1-80, Nasionale Boekhandel Bpk., Kaapstad, ens., 1962.
7. *Woodward, E. L.*: History of England, University Paperbacks, pp. 197, Methuen, London, 1963.